

Die **Kosmos Care Centre** in Onderstepoort is al vir 27 jaar lank 'n veilige hawe vir van bejaardes en persone met verskillende gestremdhede tot desperaat arm en behoeftige mense en selfs verslaafdes wat weer op hulle voete probeer kom. Die hoeveelheid inwoners wissel soms van dag tot dag, maar winter is verseker die besigste tyd soos mense sonder enige ander heenkome kom aanklop op soek na skuiling teen die koue en dalk 'n warm bord kos. Van die hospitale, inrigtings, staatsinstellings en verskillende organisasies verwys ook mense wat andersins vannag in 'n parkie, op straat of by 'n bushalte sou slaap.

Erna Jansen van Vuuren wat die afgelope 10 jaar aan die stuur is, het by haar ouers, Katinka en Bert oorgeneem na hulle oorlede is. Sy het self drie dogters wat doof is en van daar haar passie om nie net te sorg vir 'n dak oor iemand se kop nie, maar om verskillende werkskeppingsinisiatiewe te dryf wat veral dan vir persone met gestremdhede die waardigheid van werk laat beleef terwyl dit fondse genereer wat die lewenskwaliteit van almal hier by die Kosmos Care Centre help verbeter.

Twee projekte wat veral goed vaar en waarby die inwoners wie se gesondheid en vermoëns dit toelaat betrokke is, is die "Handbag Innere" en "Monkey Love" klerereeks. Erna het so paar jaar gelede 'n verwaarloosde Marmoset baba gekoop en toe sommer self klere en doeke begin maak om haar lyfie sonder hare te bedek. "Papegai" is vandag die koningin van Monkey Love en die ster model vir die klerereeks. Erna en haar span van 11 mense vir wie dit voltydse werk gee, kan letterlik nie voorbly met die bestellings nie! Die "handbag innere" word ook hier gemaak en verkoop aan 'n vervaardiger van handsakke met wie hulle 'n kontrak het.

Elkeen het 'n storie van hoe hy hier gekom het en hoe lank hy al hier bly. Soos oom Peet wat al 10 jaar aan sy suurstof "vasgebind lê" en oom Paul in die rolsloel wat daai een keer weggeloop het. Hy lag soos 'n stout seun as Erna verduidelik dat sy stoel net in reverse kan ry en waar hulle hom uiteindelik onder die brug gekry het.

Daniel wou boer en het selfs boekhouwerk gedoen met net matriek agter sy naam. Toe dinge nie uitwerk nie, het hy geswerf van skuiling tot skuiling, tot hier by Kosmos. "En as jy hier is, is jy hier. Maar dis my laaste een. Van hier af gaan ek plaas toe," sê hy. Intussen probeer hy 'n trading besigheid van sy foon af bedryf. As hy net 'n vinniger WiFi roter kon kry...

Oom Barry is die afgelope 3 maande hier by Kosmos. Hy het vroeër by een van die ander skuilings wat Erna se ouers begin het, gewoon, toe 'n tydjie by sy kinders. Hy maak sy wendyhuise met potplante teen die deur se raam wyd oop toe ons vra of ons mag inloer. Sy foto's is met 'n presiesheid gehang, so netjies as wat sy hele lewe in hierdie kamertjie pas. Die oom wat voor hom daar gebly het, is skielik oorlede en die plek was vuil, maar te dankbaar vir 'n heenkome het Oom Barry wat Vrydag sy 73ste verjaarsdag vier, dit pynlik netjies gemaak. Toe hy later saam met die ander kom help dra aan die sakke kruideniersware wat SPAR geskenk het, sluit hy sy lewe agter 'n slot toe.

"Jy moet 'n doktersbrief hê as jy in die kamer wil eet," sê Erna toe ons deur die kombuis stap. "Hierdie is nie 'n vakansieoord nie. Jy staan op en kom eet by die eetsaal. Sondae hou ons hier kerk. Verskillende dominees en predikante maak beurte en sommiges kom help met berading en ander geestelike behoeftes." Tannie Martie staan en skil die aartappels vir vanaand se ete. Jy

kan haar deur 'n ring trek. Chappies stook die vuur onder die groot kastrolle op die buite stoof. "Kos is ons grootste behoefte. Ons kan nog laas jaar se trui dra as hy 'n gat in het, maar mense moet eet," sê Erna.

Adele Joubert en haar vriendinne van die "Woeker met Wol" liefdadigheidsprojek begin die komberse wat hulle met groot liefde gebrei en gehekel uit uitpak. "Laat die mense self kies watter een hulle graag wil hê." Die een is mooier as die volgende en die helder kleure breek behoorlik deur die vaalheid van winter. Met die fondse van Capitol Singers se #Rewind vertoning kon ons vir die ander 30 inwoners ook elkeen 'n lekker warm winterskombers koop.

Dit bly 'n daaglikse stryd om oorlewing. Sommige lyk moeg baklei. Ander wil nog probeer. Ook Erna probeer, maar dis nie maklik nie. Mens sien hoe sy elkeen se krakies en leemtes ken en kies om liefde daarin te saai, want "liefde kos mos niks en kosmos groei in die dorste droogste krake en blom dan voluit. Dis genade blomme. En wat ons hier dag tot dag doen en beleef, bly God se genade."